SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 18 AUGUSTUS 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat die Raad van die SARL die afsterwe van Tom Dixon ZS5AD aankondig. Hy was by baie bekend as "Dickie". Ons innige meegevoel aan sy eggenote, familie en vriende.

(POUSE)

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

JOTA SPESIALE GELEENTHEIDSROEPSEINE

NUWE ADMINISTRATIEWE BEAMPTE BY NARS

KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

JOTA SPESIALE GELEENTHEIDSROEPSEINE EN REGISTRASIE VAN OPVOEDKUNDIGE STASIES.

Neem asseblief kennis van die volgende punte:

a) Die onus rus op die houer van die roepsein om die lisensiegelde te betaal.
b) Stuur asseblief die besonderhede van hierdie lisensies aan Laurie ZS5DL dat hy die roepseinboek op datum kan hou.

Dit is reeds Septembermaand en die JOTA-stasies moes reeds geregistreer gewees het. Hierdie stasies moet eenkeer per jaar geregistreer word sodat niegelisensieerde mense, nl. Die Guides en Scouts op die amateurbande kan kommunikeer. Dave Gemmel ZS6AAW het sy dienste aangebied om die nodige

papierwerk vir JOTA te doen en versoek dat die nodige vorms aan hom gestuur word by: Fax 012 667 2153 of e-pos by davegemmell@bkmnet.co.za.

Stuur asb. 'n herinnering aan Dave nie later nie as 12 Oktober. Dave kan net JOTA-stasies registreer en nie ander spesiale geleentheidstasies nie.

Die nodige vorms vir registrasie as Opvoedkundige Klubstasie kan afgelaai word by die SARL se webtuiste.

NUWE ADMINISTRATIEWE BEAMPTE BY NARS

Die raad van die Suid Afrikaanse Radioliga kondig met genoeë aan dat 'n administratiewe beampte in die pos by die Nasionale Amateurradiosentrum aangestel is. Die administrasie van SARL-sake het baie agter geraak gedurende die tyd wat hierdie pos vakant was.

Die raad bedank lede vir hulle begrip en geduld gedurende hierdie moeilike tydperk. Die tydelike administratiewe beampte, Ronnette, het haar bes gedoen maar niemand kan in enkele weke genoeg van amateurradio en al die verskillende aspekte daarvan leer nie. Die SARL se dank ook aan Ronnette vir die goeie werk wat sy gedoen het en vir haar bereidwilligheid om op kort kennisgewing uit te help. Die nuwe administratiewe beampte is me Debbie Bovey. Debbie het uitstekende administratiewe vaardighede en daar bestaan geen twyfel dat die agterstand vinnig ingehaal sal word nie. Lede word versoek om haar 'n week te gun om haar voete te vind en om iets aan die agterstand te doen voordat hulle navraag doen oor hulle lidmaatskapstatus. Onthou asseblief dat die kantoor vir lede oop is slegs van 08:00 tot 13:00 op weeksdae.

Om kontinuiteit in moeilike tye te verbeter en ook om die hantering van ledeversoeke en ander werk te bespoedig, word die aanstelling van 'n tweede persoon op 'n deeltydse grondslag oorweeg. Omdat 'n verandering van hiedie omvang raadsgoedkeuring vereis, sal so 'n aanstelling nie onmiddelik gemaak word nie.

Die raad van die SARL verwelkom me Debbie Bovey en wens haar 'n lang en produktiewe assosiasie met die SARL en sy lede toe.

LANGLIDMAATSKAPTOEKENNINGS

Aan alle lede van die SARL wat langer as 10 jaar ononderbroke lidmaatskap van die SARL geniet, is 'n langlidmaatskapstoekenning in die vorm van 'n sertifikaat uitgereik. Hierdie sertifikate is met die Julie/Augustus RadioZS gepos.

Hoewel die SARL gedurende die laaste jaar herhaaldelik op bulletins en in Radio ZS gevra het dat lede hule gegewens moet nagaan by die SARL, is daar nog steeds lede van wie die SARL nie aansluitingsdatums het nie.

Indien u 'n lid van die SARL is, en veronderstel was om 'n sertifikaat te ontvang, of 'n sertifikaat met verkeerde lidmaatskapstermyn ontvang het, is dit omdat die SARL nie oor u korrekte inligting beskik nie. Stuur asseblief 'n e-pos aan QRM@intekom.co.za of skakel 021-460-3640 en verskaf bloot u roepsein en aansluitingsdatum. Sertifikate sal dan mettertyd aan die lede wat kwalifiseer

uitgereik word. Onthou dat sertifikate slegs aan persone met langer as 10 jaar ononderbroke lidmaatskap uitgereik word.

KLUBNUUS

Magalies Radioamateurklub sal weer vanjaar 'n spesiale geleentheidstasie oprig in die stokperdjieafdeling van die Pretoria Internasionale Tentoonstelling en sal van 21 Augustus tot 1 September vanaf 10:00 tot 22:00 SAST op die lug wees. Die volgende modusse sal gebruik word, HF ESB op 40 en 80 Meter, 2 Meter FM, 2 Meter Stadige aftas TV, pakketradio ZS0DLD en weerkundige beelde via ZS6CC. Spesiale geleenthede op die lug word ook in die vooriutsig gestel. Ons nooi almal om ons ZS6MRK-stasie te besoek of met ons te QSO.

Magalies Radioamateurklub bied ook weer RAE-klasse vir die komende eksamen by hulle klubhuis aan in Waverley Pretoria. Die klubhuis is geleë op die hoek van Breyerlaan en Millstraat. Die klasse word elke Saterdag vanaf 14:00 tot 16:00 aangebied. Studiemateriaal is beskikbaar teen billike pryse. Vir meer inligting skakel George ZS6NE by 012 664-4155 of Marten ZS6ZY by 012 332-2104.

WESRAND AMATEURRADIOKLUB

Die WesRand AmateurRadioKlub hou hul lente Kattebakverkoping op Saterdag 31 Augustus. Dit sal gehou word by die WesRand Klubhuis in Krotonstraat Weltevredenpark. Die hek sal om 12:00 oopgemaak word. Indien jy meer besonderhede verlang kontak asseblief Dave op 083 449 8991. Sien jou by die beste kattebakverkoping in die weste.

RUSTENBURG AMATEURRADIOKLUB

Dit is met genoë dat die raad van die SARL die eerste tak van die SARL welkom heet.

By die pas afgelope komiteevergadering was 'n aansoek ontvang van die Rustenburg Amateurradio klub om geregistreer te word as die eerste tak van die SARL.

Die aansoek was in lyn met die konstitusie van die SARL wat voorsiening maak vir die vorming van takke.

Die klub is die eerste om sodoende aansoek te doen om takstatus en sal dan in die vervolg as Tak 1 = Rustenburgtak van die SARL bekend staan.

Hierdie is 'n groot inisiatief van die lede van Rustenburg om sodoende die Liga en amateurradio te ondersteun.

Die volgende komitee is gekies om te dien op die komitee van die Rustenburgtak:

Leon Burger ZR6BUR Voorsitter; Frans Keulder ZS6BXL Ondervoorsitter; Erik Charlslund ZS6AWS Sekretaris; Hans Potgieter ZS6ALJ Tesourier; Grant Robertse ZR6GSR Lid; Grabt Muller ZR6GVM Lid; Henry Rood ZS6IIX Lid;

Die Raad wens die nuwe Tak alle sukses toe en is trots om sulke lede te hê.

Van die President aan die Rustenburg tak:

Die Raad van die SARL wens die Rustenburg amateurs geluk met hulle besluit om hulle klub in 'n tak te verander. Hierdie stap maak hulle die eerste klub wat terugskakel na 'n tak van die SARL. Hulle sal bekend staan as Tak 1 van die SARL.

KAAPSTAD AMATEURRADIOSENTRUM

Die Kaapstad Amateurradiosentrum se AJV was gehou aan die einde van Julie en die volgende komitee is verkies:

Voorsitter Bud Voortman ZS1B; Ondervoorsitter Matt Greyvenstein ZS1MJJ; Sekretaris Peter Henochsberg ZR1PH; Tesourier Barry Fletcher ZS1FJ; Toekennings Tony McEwan ZR1T; Klubhuis bestuurder Hugo Friedman ZS1HSF; Hamnet Andrew Perrins ZR1SBM; Projekte Matt Greyvenstein ZS1MJJ; Openbare betrekkinge Dave Reece ZS1DFR; Ragchew redakteur Deon Erwin ZR1DQ; RF steurings Deon Erwin ZR1DQ; Spesiale geleenthede Matt Greyvenstein ZS1MJJ; Opleiding Andrew Roos ZS1AN; Webmeester Deon Erwin ZR1DQ;

KARS RAE KURSUS

Die Klub bied 'n kursus aan om kandidate voor te berei vir die RAE in Oktober. Enigiemand is welkom om die kursus by te woon en die opleidingsbeampte kan gekontak word by 021 685 2841. Besonderhede en ander klubinligting is beskikbaar op die webtuiste by www.qsl.net/zs1ct.

PRETORIA AMATEURRADIO KLUB

By hulle Komiteevergadering gehou laas Donderdag, het die Pretoria Amateur Radio Klub portfolios aan Komiteelede toegeken soos volg:

Voorsitter, SARL skakeling: Hans ZS6KR; Vise-voorsitter, Sosiaal en Toekennings: Bill ZS6KO; Sekretaris en Tydrenne: Johan ZR6JHB; Penningmeester: Doreen ZR6DDB; Webwerf en Watts redakteur: Rudi ZS6DX; Watts assistent redakteur: Peter ZR6PWT; Klubhuis: Richard ZR6CK; Vlooimarkte en RAE: Almero ZR6RY; Projekte en herhaler toesig: Hans ZR6HVG; Openbare verhoudings: Katti ZS6KVR.

Geko-opteerde lede

RAE: Brian ZR6BJS; Herhaler onderhoud : Willie ZS6AEA; Vlooimarkte: Willie ZR6WGR; Tydrenne : Johann ZR6YV; Ouditeur : Egbert ZS6AZG.

INTEGNET WEER OP DIE LUG

Die SARL Integnet 2002 wat deur Telkom en Sentech geborg word is weer terug. Die eerste in die reeks sal vandag, 18 Augustus, op die lug wees om 20:00 op 3215KHz en vele herhalers regoor Suid-Afrika.

Die onderwerp vir bespreking is weerligbeskerming vir die amateurradiostasie. Die spreker is Ron Block WB2UYT, voorsitter van die Amateurradiostasie grondforum by die Dayton Hamvention.

Klubs wat graag aan die netwerk gekoppel wil word, moet asb. hulle besonderhede stuur aan Hans ZS6AKV sal die net behartig. Verskaf die volgende inligting voor 12:00 vandag: Telefoonnommer, herhalerfrekwensie. Om tegniese redes kan selfone nie gebruik word nie.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Martin, ZS6ABU, en gelees deur …….. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan diegene wat wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.